



Province of the Eastern Cape
DEPARTMENT OF EDUCATION
ISEBE LEZEMFUNDO
DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
Private Bag X0032, BISHO, 5605, SOUTH AFRICA

Onderrigondersteuningsmateriaal

Afrikaans

Grade 10 - 12

Siyasebenzisana • Working Together • Samewerking

Voorwoord

Wees gegroet, Kollegas! Dit is vir ons as Provinsiale Vakkomitee vir Afrikaans:VOO-Band 'n voorreg om die volgende dokumentasie tot julle beskikking te stel. Ons hoop dat almal wat betrokke is by die onderrig van Afrikaans in die VOO-Band veel nut hierby sal vind.

Sommige dele het meer betrekking op nie-Moedertaalsprekende onderwysers, terwyl alles tog indirek betrekking op almal het.

Die hoofdoel hiermee is dat ons huidige Graad 12-leerders (*Rapport 550*) se uitslae aan die einde van 2007 sal verbeter op vorige jare se uitslae en dat beide onderwysers en leerders die eindeksamen met meer selfvertroue tegemoet sal gaan. Dieselfde inligting het ook betrekking op ons huidige Graad 10- en 11-leerlinge in die VOO-Band.

Tweedens is daar heelwat *Aanhangsels* ingesluit vir diegene wat alreeds by NKV betrokke is, en wat ook in die toekoms Afrikaans gaan onderrig. Dit staan enige onderwyser vry om aanpassings op die eksemplare te maak, MAAR die basiese minimumvereistes moet nagekom word!

Die idee is dat die onderwyser homself/haarself goed sal vergewis van WAT onderrig moet word, WAT die leerder moet weet, en dan HOE die inligting oorgedra en toegepas moet word.

Oefening en nogmaals oefening is die sleutel tot sukses! By die *Opsommings* moet die leerder onderrig word hoe om by die kernfeit(e) uit te kom. (Die *Hamburger-metode* is uitstekend hiervoor). Eers daarna kan die oefeninge vir die leerders gegee word.

Ten einde, hierdie inligting is bedoel om u as onderwyser beter toe te rus sodat u daarna die leerder beter kan voorberei. Onthou, wanneer dit by die uitslae kom, *reflekteer die uitslae op jou as onderwyser!* Sterkte met die groot taak wat voorlê!

S. FOURIE

KURRIKULUMBEPLANNER: AFRIKAANS: VOO-BAND

INHOUDSOPGAWE	BLADSY
1. Opsommings	4
2. Die literêre opstel	18
3. Die meesterportefeulje	28

OPSOMMINGS

DOEL:

Een van die doelwitte met 'n opsomming is om vas te stel of die kandidaat die belangrikste inligting / kernfeite in 'n leesstuk kan identifiseer. Dit is 'n vaardigheid wat met groot vrug by alle vakke gebruik kan word - op skool sowel as vir verdere studie. Opsommings help 'n mens om helder en logies te dink, te onderskei tussen belangrike dinge en minder belangrike dinge, en dit leer jou om jou gedagtes kort en saaklik uit te druk.



WENKE VIR DIE ONDERWYSER BY DIE ONDERRIG VAN OPSOMMINGS:

1. Maak seker dat die leesstuk die regte lengte het! Die volgende tabel gee 'n aanduiding van die aanbevole lengte van opsommings in die verskillende grade en taalvlakke:

NATED 550	Graad 12		
Tweede Taal	HG: 250 - 300 woorde SG: 200 - 250 woorde		
Opgesom in ±100 woorde			
NKV	Graad 12	Graad 11	Graad 10
Huistaal	350 woorde	320 woorde	280 woorde
Opgesom in 80 - 90 woorde			
Eerste Addisionele Taal	250 woorde	230 woorde	200 woorde
Opgesom in 60 - 70 woorde			
Tweede Addisionele Taal	200	180	150
Opgesom in 50 - 60 woorde			

2. Vaardighede wat getoets word:

- Lees ter wille van betekenis
- Onderskei hoofgedagtes
- Haal idees uit en skryf dit neer n.a.v. 'n spesifieke opdrag
- Skryf 'n hoofgedagte in 'n volsin neer

3. Tipe tekste

- Die teks sal bepaal watter opdrag gegee word, bv. *Haal wenke uit, noem die stappe, ens.*
- Vir Addisionele Taal kan 'n teks selde indien ooit net so uit 'n bron geneem word. Verwerk dit dus altyd sodat net die essensie oorbly
- Tekste se taal- en woordgebruik en die onderwerpe moet by die kandidaat se ontwikkeling en belangstelling pas
- Vir eksamendoeleindes mag die opsomming nie uit die begripstekes kom nie. *Dit moet 'n aparte teks wees!*
- Wees sensitief vir kultuur- en godsdiensverskille

4. Hoe verwerk jy 'n teks om as opsomming te dien?

- Haal onnodige inligting uit
- Maak lang sinne korter en omskryf moeilike woorde
- Moenie enige Engelse woorde gebruik nie
- Maak die lettertipe groter
- Maak seker die eindproduk vorm 'n eenheid wat wel opgesom kan word
- Voorsien die teks van 'n opskrif

5. Waar kry jy bronne vir opsommings?

- Koerante, tydskrifte, nie-fiksie boeke. ens.

6. Watter tipe opsommings moet onderrig word?

- Opsommings puntgewys
- Opsommings in paragraafvorm

7. 'n Moontlike manier waarop 'n opsomming onderrig kan word:



Gestel die leesstuk wat opgesom moet word is 'n hamburger en die verskillende ondersteunende sinne verteenwoordig allerlei lekker dinge op die hamburger, bv. kaas, tomatie, blaarslaai, uieringe, pynappel, agurkies, tamatiesous, ens.

Verduidelik aan die leerders hoedat jy die een ondersteunende sin na die ander uit die leesstuk kan haal net soos jy dié dinge wat jy nie eet nie, van die hamburger afhaal.

Uiteindelik sit jy net met die hoofsin of in die geval van die hamburger, met die frikkadel op die broodrolletjie! Indien jy nou die vleis of die brood weglaat, is daar nie meer sprake van 'n hamburger nie. Net so, indien jy die hoofsin weglaat, is die kern van die opsomming weggelaat.

NB: Die omgekeerde word gedoen wanneer jy die skryf van 'n paragraaf onderrig.

8. Watter instruksies word by vrae gegee?

(Voorbeelde)

Vir Graad 12 Tweede Taal HG/SG, sowel as Addisionele Taal Gr. 10 - 12:

- Haal SEWE gebruike van 'n selfoon uit die leesstuk.
- Skryf elke hoofgedagte in 'n goeie volsin neer.
- Jy mag nie meer as EEN sin oor dieselfde gebruik skryf nie.
- Skryf jou sinne onder mekaar en puntsgewys van nommer 1 tot 7 neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie meer as (60, 70, 90, 100) woorde wees nie.
- Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan.
- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as (60, 70, 90, 100) woorde skryf.
- Jy sal ook gepenaliseer word as jy nie die aantal woorde aandui nie.

Vir Gr. 12 Eerste Taal HG/SG, sowel as Huistaal Gr. 10 - 12:

- Lees die volgende teks aandagtig deur en som SEWE gebruike van 'n selfoon op.
- Skryf die hoofgedagtes puntsgewys onder mekaar of in EEN paragraaf neer.
- Gebruik slegs volsinne.
- Skryf aan die einde van die vraag die getal woorde wat jy gebruik het, neer.
- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 90 woorde gebruik het.

9. Riglyne vir die nasien van opsommings:

Die opsomming word TWEE keer gelees:

Vir feite en taalfoute

Vir direkte aanhalings en onvolledige sinne

Feite:

- Sien eerste SEWE sinne inhoudelik na.
- Maak 'n regmerk (J) bokant elke hoofgedagte.
- Slegs een hoofgedagte per sin word nagesien.
- Indien geen hoofgedagte inhoudelik reg is nie, kry die kandidaat nul vir getal woorde.

Feite (H)

Feite Korrek	Maksimum Taalpunte
Geen feite korrek nie	Geen Taalpunt
Een tot drie feite korrek	1 Taalpunt
Vier of meer feite korrek	2 Taalpunte
<ul style="list-style-type: none"> • Leesteken- en spelfoute word nie gepenaliseer nie • Taalfoute word net in korrekte feite gepenaliseer • KANDIDATE WORD SLEGS EEN KEER VIR ELKE SOORT FOUT GEPENALISEER 	

Taal

	Penaliseer van totaal
Een tot drie taalfoute	-1
Meer as drie taalfoute	-2

TIPIESE TAALFOUTE

Woordorde in enkelvoudige sin

- Dubbele negatief
- Omgekeerde woordorde
- Lydende vorm
- Direkte vertaling (Moedertaalinvloed)
- Voornaamwoorde - woordorde in saamgestelde sinne
- Infinitief
- (Groep 1, Groep 2, Groep 3)
- (Tyd, wyse, plek)

DIREKTE AANHALING (A)

Direkte aanhalings / nie eie sinne nie	Penaliseer van totaal
Twee tot drie direkte aanhalings	-2
Vier of meer direkte aanhalings	-3

WANNEER IS DIT NIE MEER 'N DIREKTE AANHALING NIE?

- As EEN woord verskil / bygevoeg / uitgelaat word
- As die woorde omgeruil word
- As twee aanhalings in 'n nuwe sin gekombineer word

NIE VOLSINNE NIE (V)

Nie sinne nie	Penaliseer van totaal
Twee tot drie antwoorde nie in sinne nie	-2
Vier en meer antwoorde nie in sinne nie	-3

NEERSKRYF VAN PUNTE**PUNT**

Getal feite korrek	F	7	Maks. = 7
Taal	T	2	Maks. = 2
Woorde aangedui / lengte nie oorskryf nie	W	1	Maks. = 1
SUBTOTAAL		10	
Direkte aanhalings	A	-2	Maks. = -3
Nie volsinne nie	V	-2	Maks. = -3
TOTAAL minus (A of V)	10-4	6	



WENKE VIR DIE LEERDER HOE OM 'N OPSOMMING TE MAAK

1. **Lees die INSTRUKSIES baie goed deur.**
 - Soms moet die opsomming in paragraafvorm wees
 - Soms moet dit puntsgewys in volsinne ondermekaar wees
 - As die instruksies nie gevolg word nie, kry jy nul
 - Soms moet jy die hele leesstuk opsom
 - Soms moet jy net sekere inligting uit die stuk opsom. Kyk baie goed na die opdrag!

2. **Lees die LEESSTUK baie goed deur en maak seker jy verstaan wat in die teks staan. Daar is genoeg tyd in die eksamen om die stuk tot drie keer oor te lees!**
 - Daar is gewoonlik 'n hoofsin of -gedagte in elke paragraaf wat jy moet neerskryf.
 - Soms is daar egter meer as een feit in een paragraaf wat jy moet neerskryf.
 - Maak seker dat jy net een sin oor elke feit skryf, al beteken dit dat jy inligting uit meer as een sin moet kombineer.
 - Die hoofsin of -gedagte is dikwels aan die begin van die paragraaf, maar dit is nie altyd só nie.
 - Onderstreep sommer die hoofgedagtes wat jy in die verskillende paragrawe kry.

3. **Skryf nou hierdie hoofsinne / hoofgedagtes ondermekaar neer:**
 - Gebruik volsinne. Telegramstyl word nie toegelaat nie.
 - Skryf die hoofsinne oor in jou *eie* woorde. As jy die sin net so uit die leesstuk oorskryf, verloor jy punte.
 - As daar dialoog is, skryf dit oor in die *Indirekte Rede*.
 - Laat alle beskrywende woorde of beeldspraak weg. (ONTHOU DIE HAMBURGER!)
 - Maak seker jy herhaal nêrens inligting nie.

4. **Tel die getal woorde wat jy gebruik het:**
 - Moenie meer woorde gebruik as waarvoor jy gevra word nie.
 - Skryf die getal woorde wat jy gebruik het onderaan jou opsomming neer.
 - Wees eerlik, m.a.w. moenie minder neerskryf as wat jy gebruik het nie.

5. **Lees jou opsomming baie goed deur en verbeter taal- en spelfoute.**

Let Wel: Die leesstukke is so gekies dat dit op alle vlakke gebruik kan word. Onderwysers moet slegs woorde weglaat of byvoeg na gelang van die taalvlak.

A. VOORBEELDE VAN STUKKE WAT AS OPSOMMING GEBRUIK KAN WORD:



1. WEES SUKSESVOL IN JOU WERK

(340 woorde: Huistaal - Gr.11 & 12; Tweede Taal HG - Gr.12)

'n Mens kan nie vandag jou hele lewe lank in een werk bly sit sonder om verder te studeer nie. Daardie dae is lankal verby. As jy suksesvol wil wees, is daar 'n paar dinge om te onthou.

Sonder die regte kwalifikasies, gaan jy probleme hê om werk te kry. As jy 'n kwalifikasie het wat baie ander mense het, gaan jy sukkel. Met 'n skaars kwalifikasie kan jy makliker werk kry. Hou die koerante dop om te sien watter beroepe die meeste geadverteer word, want dis die soort kwalifikasie wat jy moet hê.

Wees bereid om nuwe vaardighede aan te leer deur kursusse by te woon. Dit sal jou help om met die nuutste ontwikkelinge by te bly. Onthou, kennis is mag en 'n mens is nooit te oud om nog iets nuuts te leer nie.

Bou aan 'n goeie verhouding met jou kollegas want enige mens het 'n ondersteuningsnetwerk nodig. As jy altyd jou kollegas bystaan, sal hulle jou help as jy dit die dag nodig het.

Maak seker dat jy nie jou gesin onder jou werk laat ly nie. Maak tyd vir hulle en gee gehalte-aandag aan elke lid van jou gesin. 'n Gebalanseerde mens bring nie al sy tyd by die werk deur nie.

Dis baie belangrik om die mense wat saam met jou werk, goed te leer ken. As jy hulle goed ken, sal jy weet of jy hulle kan vertrou, of nie. Werk is baie skaars en daar sal altyd mense wees wat jou in die rug wil steek omdat hulle jaloers is en dalk jou werk wil hê. Moenie sommer enige iemand vertrou nie.

As jy ongelukkig met jou werk is, sal jy nooit sukses behaal nie. Maak seker dat jy van jou werk hou, want dan sal jy gelukkig wees.

Jy, en niemand anders nie, is verantwoordelik vir jou eie geluk. Dit help nie om die hele tyd oor jou werk te kla nie. Moenie ander mense blameer as jy ongelukkig is nie.

Dis 'n wonderlike voorreg om 'n werk te hê.

[Verwerk uit: Rooi Rose, 15 September 1999]

Instruksies:

Gee SEWE wenke hoe om gelukkig te wees in jou werk.

2. DINGE WAT JY NIE MOET DOEN NIE AS JY VEILIG WIL WEES

(219 woorde: 1ste Add. Taal - Gr.10 & 11; 2de Add. Taal - Gr.12; 2de Taal SG - Gr.12)

Rowers hou van winkels waar hulle maklik van die parkeerterrein af tot by die winkel kan kom. Dan kan hulle weer maklik uitglip.

Rowers hou veral van Sondagmiddae, omdat daar ná 'n naweek baie geld in die winkels is. Die meeste rooftogte vind plaas net voor oopmaaktyd en net na toemaaktyd. Wees versigtig rondom hierdie tye.

Hou jou oë en ore oop. Jy moenie toelaat dat rowers sien wat jy gekoop het nie. Vrouens moet seker maak dat hulle handsakke reg toegemaak is. Moenie 'n handsak oor 'n stoel hang of 'n selfoon op 'n tafel voor jou sit terwyl jy in 'n restaurant eet nie.

Twee belangrike dinge: moet nooit met 'n rower praat nie en moet hom nooit in die oë kyk nie! Dit is baie belangrik om nie terug te baklei as 'n rower jou aanval nie. Gee hom wat hy vra. Niks wat jy het, is belangriker as jou lewe nie. 'n Rower gee nie om of jy leef of sterf nie. In 22% van alle rooftogte word iemand beseer en dis nooit die rower nie!

Die *tweede ding* is: Val dadelik plat as jy iemand hoor skiet en bly op die grond tot jy seker is dat alle gevaar verby is. Onthou, jy is nie *Superman* of *Superwoman* nie!

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 17 November 2005]

Instruksies: Noem SEWE dinge wat jy nie moet doen nie as jy veilig wil wees.

3. ROOK IS VERSLAWEND

(251 woorde: 1ste Add. Taal - Gr.12; Tweede Taal HG/SG - Gr.12)

Die oudpres. Nelson Mandela, is nog sterk en gesond ten spyte van sy 26 jaar op Robbeneiland. En nee, Madiba was nooit 'n roker nie. As jy ophou rook, verbeter jou hartklop binne enkele ure. Binne 24 tot 48 uur word die koolstofmonoksied in die bloed deur suurstof vervang. Daarom beveel narkotiseurs dikwels voor 'n operasie aan dat pasiënte ophou rook.

Binne twee weke verbeter die bloedtoevoer na jou vel. Binne drie tot vier weke haal jy makliker asem. As ju ophou rook, verbeter jou reuk- en smaaksin ook. Binne 'n jaar verminder jou risiko op 'n hartaanval met die helfte. Na tien jaar verminder jou risiko om kanker te kry met die helfte.

Baie mense het onder mediese toesig 'n program gevolg om stadig minder te rook en ook nikotienplakkers en kougom gebruik om hulle van sigarette af te kry. Volgens dr. Krisela: "Hoe langer jy rook en hoe strawwer jy rook, hoe groter is die skade.

Na baie jare bereik jy die punt waar die skade aan jou longe nie herstel kan word nie. Maar in enige stadium maak dit 'n verskil wanneer jy ophou. Solank mense rook, loop hulle ook 'n hoër risiko om chroniese brongitis en emfiseem te kry." Elke keer dat jy 'n sigaret aansteek en die rook tot diep in jou longe intrek, het die nikotien 'n onmiddellike uitwerking op jou, want jou bloeddruk styg en die rook irriteer jou longweefsel. Onthou: "Dis nooit te laat om op te hou rook nie - of te vroeg nie ..."

[Aangepas uit: *Huisgenoot* - Junie 2006]

Instruksie: Som die veranderinge wat plaasvind as jy nie meer rook nie in SEWE goeie volsinne op.



4. ROBBENEILAND

(269 woorde: Huistaal - Gr.10; 1ste Add. Taal - Gr.12; 2de Taal HG - Gr.12)

Robbeneiland is 'n eilandjie in Tafelbaai. Dit lê sowat 8 kilometer van Kaapstad en is net sowat 3,5 km lank en 2 km breed. Die naam is afgelei van die baie robbe (*robbe* in Nederlands) wat jare gelede daar voorgekom het.

Robbeneiland het 'n lang geskiedenis. Baie lank terug was Robbeneiland 'n deel van die Afrika-vasteland. Mense het duisende jare gelede reeds daar gewoon, toe die seekanaal tussen die eiland en die Kaap nog nie bestaan het nie. 'n Mens kan jou indink hoe die antieke Afrika-bewoners droogvoets van Tafelberg na Robbeneiland sou kon geloop het.

Die Portugese was eerste daar, toe die Engelse en toe die Nederlanders. Met die koms van die Engelse is probeer om 'n roben visbedryf op Robbeneiland te ontwikkel. Omdat die eiland so afgesonderd is, het dit gou 'n plek geword waarheen ongewenste mense verban is. Die Khoikhoi-leier, Herry, is so vroeg as 1658 daarheen gestuur omdat hy beskuldig was van veediefstal.

Jan van Riebeeck het selfs sy vee daarheen gevat om te keer dat dit gesteel word. Die diere het mooi aangeteel totdat 'n veesiekte uitgebreek het.

Robbeneiland het later 'n belangrike rol gespeel in die verdediging van Kaapstad tydens die Tweede Wêreldoorlog. Na die oorlog, het die eiland 'n sentrum geword waar die Suid-Afrikaanse Vloot opgelei is.

Maar in 1961 is besluit om die eiland onder beheer van die Departement van Gevangenis te plaas. Dit is waarheen oud-president Mandela in die sestiger jare saam met ander verban sou word.

Sedert 1997 is Robbeneiland met sy gevangenis 'n museum. Dis oop vir die publiek en bote vol besoekers vaar gereeld soontoe.
[Aangepas uit *Mieliestronk.com*]

Instruksies: Uit die leesstuk is dit duidelik dat Robbeneiland oor die jare vir ten minste SEWE verskillende doeleindes gebruik is. Som nou hierdie SEWE doeleindes in een volsin elk op.



5. JAAGDUIWELS OP DIE PAAIE

(1ste Add. Taal - Gr.12; 2de Taal HG/SG - Gr.12)

Ek ry al sedert 1997 elke dag die pad tussen Brakpan en Johannesburg. Dit lyk vir my asof mense moedswillig die verkeersreëls oortree. Ek het al daaraan gedink om flitskaarte vir mense te wys, byvoorbeeld "Hou links", "Stop, die lig is rooi" of "Bly in jou baan." Of sit sal help, twyfel ek!

Stopstrate is deesdae toegeetekens en wat voorheen toegeetekens was, beteken nou net ry! Wanneer 'n verkeerslig oorslaan na rooi, sal die eerste vyf voertuie glad nie eers spoed verminder nie. Hulle jaag eenvoudig deur die kruising. In baie gevalle slaan die verkeerslig oor na groen vir my, dan is daar steeds motors wat deurglip sodat ek moet rem. Soms lyk dit vir my hulle het nog nooit gehoor van 'n 80 km/h spoedbeperking in 'n stadsgebied nie.

Motoriste weet nie van 'n veilige volgafstand nie. As ek nie gou genoeg padgee nie, jaag hulle op my af en steek sommer maklik links van die geel streep verby. Hulle vleg van baan tot baan deur ander voertuie en dink nie dis snaaks om reg voor ander motors in te druk nie. Flikkerligte word selde gebruik.

Ek wens ek kon 'n private verkeersman wees. Dan sou ek maklik binne 'n week 'n miljoenêr wees - net uit boetes.

Ek het al die verkeerspolisie gebel. Maar hulle belowe net om iets daaraan te doen en doen dan niks nie. Dis geen wonder dat daar jaarliks soveel mense op ons paaie sterf nie. Wat moet ons doen om hierdie padvarke vas te vat?

Bekommerde bestuurder
Gauteng

[Aangepas uit: *Huisgenoot* - 2 Junie 2005]

Instruksies: Soek SEWE verkeersreëls wat motoriste, volgens die briëfskrywer, oortree.

6. SIT JOU BESTE VOETJIE VOOR OM DIE WERK TE KRY WAT JY WIL HÊ

(304 woorde: Huistaal - Gr.11; Tweede Taal HG - Gr.12)

'n Man moet 'n donker pak dra met 'n netjiese das en langmouhemp. Swart skoene lyk die beste en moenie wit sokkies daarby dra nie. 'n Meisie se rok moenie te kort wees nie en sy moet net liggies grimeer. Armbande wat raas en lang oorbelle wat rondswaai pas net nie. Ooptoon-skoene lyk ook nie goed nie. Dra eerder 'n toe skoene. Die sleutel tot korrekte drag is dus om deftig te lyk, maar moenie dit oordryf nie.

Die mense gaan jou vrae vra oor die besigheid. En as jy genoeg weet van die besigheid, sal jy hulle kan antwoord en die regte vrae kan vra. Dit is dus belangrik dat jy soveel moontlik uitvind oor die besigheid.

Daar is baie leesstof oor die tipe vrae wat tydens 'n onderhoud gevra word en jy het dus geen verskoning om onvoorbereid te wees nie. Jy kan nie bekostig om met jou mond vol tande daar te sit nie.

Met vriendelikheid sal jy ver kom. Groet elke persoon op die paneel as jy by die vertrek instap. Bly heeltyd vriendelik en kyk die mense in die oë. As jy uitstap, groet jy weer en sê dankie dat hulle jou genooi het vir die onderhoud. Moenie sommer neerval op die naaste stoel nie. Wag tot jy gevra word om te sit en moenie die mense sommer "jy" en "jou" nie. Hoflikheid sal in jou guns tel.

Sit regop met jou hande só dat almal dit kan sien. Hou jou voete bymekaar en moenie met jou elmboë lê op die tafel nie. Spoeg jou kougom by die huis uit.

Moenie dinge sê wat jy dink die paneel wil hoor nie en moenie jok nie. As jy die werk kry, sal jy moet doen wat jy sê jy kan doen. Wees net jouself en antwoord eerlik op alle vrae.

[Aangepas uit: *Huisgenoot* - 7 Julie 2005]

Instruksies: Som die SEWE belangrikste wenke op wat jy moet onthou as jy genooi word vir 'n werksonderhoud.

7. DIE GEVARE VAN DAGGA

(250 woorde: 1ste Add. Taal - Gr.12; 2de Taal SG - Gr.12)

Dagga is 'n plant wat wild groei, maar natuurlik ook dikwels aangeplant word. Dagga het ook baie ander name. In Suid-Afrika praat gebruikers van daggasigarette as *joints*, *reefers*, *slow boat sticks* en *zolle*.

Dit is onwettig om dagga te kweek of te rook. Net om dit te besit kan 'n mens in die tronk laat beland.

Dagga word nie net deur jongmense uit "swak" huise gebruik nie. Kinders eksperimenteer daarmee om "in" te voel by maats of hulle word beïnvloed deur anti-sosiale of kriminele elemente daar waar hulle bly.


As mense dagga rook, raak hulle onverskillig. Hulle gee nie om wat hulle doen nie. Hulle vaar swakker op skool en stel nie meer soveel belang in sport en stokperdjies as eers nie. Hulle kry hartkloppings en rooi oë. Hulle sal nie 'n motor behoorlik kan bestuur nie en dan sien hulle boonop die verskriklikste dinge in hulle verbeelding wat hulle bang maak. Hulle raak so afgestomp dat dit nie eers vir hulle verkeerd lyk om misdade te pleeg nie. Almal reageer nou wel nie dieselfde as hulle dagga gebruik nie, maar saam met alkohol en pille soos *Mandrax*, is die reaksie nog erger. Daggarokers is gewoonlik lusteloos en swak gemotiveerd. Hulle stel nie belang in die dag van môre nie.

Daggasigarette veroorsaak longskade. Daggarokers het ook nie baie weerstand teen infeksies nie. Dit kan selfs ongebore babas en later die baba na geboorte aantast.

Daggarokers dobbel met hul lewens en bring groot hartseer in die lewens van hulle familie.

[Aangepas uit: *Mieliestronk.com*]

Instruksies: Haal SEWE voorbeelde uit van hoe jou vriend sal optree as hy 'n daggaroker is.



8.1 DIE ONTWIKKELING VAN DIE PEN

(71 woorde: 2de Taal HG - Gr.12)

Die ontwikkeling van die pen het 'n lang pad gekom sedert die riet- en veerpenne van die vroegste tye. Die eerste staalpuntpen is in 1803 deur die Engelse ingenieur, Bryan Donkin gemaak en veerpenne is hierna minder gebruik.

In 1884 het Lewis Waterman die eerste vulpen met sy eie inkhoutertjie binne-in die pen, bekendgestel. Hy het 'n manier uitgevind om die ink na die punt toe te voer sodat die ink egalig aanhou vloei terwyl 'n mens daarmee skryf.

Georg en Ladislo Biro het die eerste balpuntpen in 1938 uitgevind. Hulle het taai, vloeibare ink met 'n oliebasis gebruik met 'n balletjie vooraan die pen se punt om die ink op te tel. Sommer gou het die balpuntpen die universele skryfinstrument geword.

Die Japannese was bly toe Joekio Horie in 1962 die veselpuntpen uitvind, want dit was nommerpas vir die Japanse skrif. Die veselpuntpen gebruik kleursel as ink sodat jy in verskillende kleure kan skryf.

[Verwerk uit: *Huisgenoot* - 9 November 2000]

Instruksies: Som die ontwikkeling van die pen in SES sinne op.



8.2 DIE MOETS EN MOENIES VAN LYFJUWELE

(28 woorde: Huistaal - Gr.12)

Wie wil nou nie graag met 'n oulike naeltjiering spog nie? Maar voor jy 'n naald deur jou naeltjie kry, moet jy dalk eers al die feite kry.

Vra jouself af hoekom jy lyfjuwele wil dra voordat jy die gaatjies laat maak. Moet dit nie laat doen net omdat jy wil inpas by 'n sekere groep nie. Dis moontlik dat jy nog steeds uitgesluit of vies kan voel nadat jy dit laat doen het. Moet ook nooit uitglip en skelmpies juwele laat insit sonder jou ouers se toestemming nie of, nog erger, een van jou vriende vra om 'n selfdoenpoging aan te wend nie. Jy sal uiteindelik net die gaatjies moet wegsteek en waarskynlik op die ou end 'n infeksie kry. As jy daarvan oortuig is dat jy gaatjies wil hê, moet jy dit liewers eers met jou ouers bespreek. Dit is nie nodig om paniekerig te raak as jy 'n gaatjie ingesit het en die gaatjie is effens geswel of daar kom 'n klein bietjie bloeding voor nie. Dis normaal. Maak net seker die naald wat gebruik word, is steriel om die risiko van MIV-infeksie te voorkom.

[Verwerk uit: *Elan* - Mei 2003]

Instruksies: Haal VIER dinge uit hierdie leesstuk wat jy NIE MOET DOEN as jy daaraan dink om gaatjies in jou lyf te maak vir lyfjuwele nie.

9. TRADISIONELE MEDISYNE

(149 woorde: Huistaal - Gr.10; 1ste Add. Taal - Gr.11; Eerste Taal SG - Gr.12)

Sangoma is die term vir 'n geneser in die tradisie van die volkere wat Nguni-tale praat (die Zoeloe, Xhosa, Ndebele en Swazi). In die loop van die twintigste eeu het hierdie praktyk van diagnose en gesondmaking egter oor die hele Suidelike Afrika versprei.

Die waarde van die handel in medisinale plante net in KwaZulu-Natal is kort voor die jongste eeuwisseling konserwatief op R62 miljoen per jaar geraam (nagenoeg gelyk aan 'n derde van die jaarlikse mielie-oes). Binne slegs vyf jaar het die bedrag tot 'n verstommende R500 miljoen vermeerder met die byvoeging van die geld wat tradisionele genesers vir hul dienste en medisyne gevra het.

Meer as 1 020 plante- en 150 dierespesies word vir tradisionele medisyne in KwaZulu-Natal gebruik. Die meeste daarvan word op informele straatmarkte verhandel. Dit blyk dat twee derdes van die bevolking in hierdie provinsie tradisionele medisyne vir hul basiese gesondheidsbehoefte gebruik.

Instruksies: Maak 'n opsomming van nie meer as **SESTIG** woorde nie oor die teks hierbo.

10. MANIERE OM JOU HUIS VEILIG TE HOU

(291 woorde: 1ste Add.Taal - Gr.11; Tweede Taal HG - Gr.12)

Terwyl jy met vakansie is, moet jy seker maak dat jou huis en besittings veilig is. Daar moet diefwering voor al jou vensters wees en hekke voor jou buitendeure. Dit hou dalk nie die diewe uit nie, maar dit laat hulle twee keer dink, omdat dit moeiliker is om in te breek.

Kry iemand wat jy kan vertrou om jou ligte aan en af te skakel. Ligte wat heeldag en heelnag brand, is 'n teken dat jy weg is. As daar nooit ligte brand nie, is dit duidelik dat daar niemand tuis is nie.

Dit is belangrik dat iemand jou tuin netjies hou terwyl jy weg is. As jou gras ewe skielik lank is, sal die diewe weet jy is met vakansie. Bosse en bome naby die huis moet geknip word.

As daar 'n hoop koerante en pos naby jou posbus rondlê, weet almal die gesin is met vakansie. Reël dat iemand daagliks jou pos verwyder en kanselleer alle aflewings. Dit is maklik om deur die venster te sien wat binne aangaan en daarom is dit 'n slim plan om eerder waardevolle items weg te steek. Sluit jou TV en DVD liever in 'n kas toe.

Moenie waardevolle items naby vensters los nie. Items wat naby oop vensters is, word ook maklik deur die skelms deur die diefwering gegryp. Maak alle vensters toe.

Jy kan net honde wat opgelei is, by die huis los. Gedurende die dag bly hulle buite, maar saans moet iemand hulle kos gee en in die huis toesluit. As hulle snags blaf, weet jou buurman daar is fout.

Sleutels en afstandbeheertoestelle is die twee items wat 'n mens veilig moet bewaar. Moenie sleutels onder matjies of blompotte wegsteek nie. Iemand kan jou dophou en maklik jou huis oopsluit.

Instruksies: Noem **SEWE** maniere hoe jy jou huis tydens jou afwesigheid veilig kan hou.

B. MOONTLIKE ANTWOORDE VIR DIE BG. TEKSTE



1. Wees suksesvol in jou werk

- Jy moet die regte kwalifikasies hê.
- Woon kursusse by en leer so nuwe vaardighede aan.
- 'n Goeie verhouding met jou kollegas is nodig.
- Moenie al jou tyd by die werk deurbring nie.
- Weet wie om te vertrou by die werk.
- Jy moet hou van jou werk.
- Jy is verantwoordelik vir jou eie geluk.

[53 woorde]

2. Dinge wat jy nie moet doen nie as jy veilig wil wees

- Bly weg van winkels met maklike toegang tot parkeerplekke.
- Wees versigtig by winkels op Sondaemiddae of net voor oopmaak- of toemaaktyd.
- Moenie dat rowers jou inkopies sien nie.
- Handsakke moenie oor 'n stoelrug hang nie.
- Moenie tydens 'n aanval vir 'n rower kyk nie.
- Gee vir 'n rower wat hy vra.
- Val plat tydens 'n rooftog en bly so lê tot die gevaar verby is.

[64 woorde]

3. Rook is verslawend

- Jou hartklop verbeter binne enkele ure.
- Die koolstofmonoksied in jou bloed word binne 12-48 uur met suurstof vervang.
- Die bloedtoevoer na jou vel verbeter binne 2 weke.
- Jy haal binne 3-4 weke makliker asem.
- Jou risiko om 'n hartaanval te kry verminder binne 'n jaar met die helfte.
- Jou risiko om kanker te kry, verminder met die helfte binne tien jaar.
- Jou risiko vir chroniese brongitis en emfiseem neem af.

[70 woorde]

4. Robbeneiland

- Engelse het 'n rob- en visbedryf daar probeer vestig.
- Dit was ook 'n plek waarheen ongewenste mense heen gestuur is.
- Jan van Riebeeck het sy vee daarheen gestuur om diefstal te keer.
- Tydens die Tweede Wêreldoorlog het dit Kaapstad help verdedig.
- Na die oorlog is die Suid-Afrikaanse Vloot daar opgelei.
- Die Departement van Gevangenis het dit later oorgeneem waar politieke gevangenes aangehou is.
- Vandag is dit 'n museum.

[57 woorde]

5. Jaagduiwels op die paaie

- Hulle hou nie stil by stopstrate nie.
- Hulle gehoorsaam nie toegetekens nie.
- Hulle volg nie 'n veilige volgafstand nie.
- Hulle gebruik selde hul motors se flikkerligte.
- Hulle druk voor ander motors in.

- Hulle hou nie by spoedbeperkings nie.
- Hulle jaag motors links van die geelstrepe verby.

[46 woorde]

6. Sit jou beste voetjie voor om die werk te kry wat jy wil hê

- Lyk deftig, maar moenie dit oordryf nie.
- Vind soveel moontlik uit oor die besigheid waar jy aansoek doen.
- Wees voorbereid op die vrae wat gevra gaan word.
- Wees hoflik.
- Jou liggaamshouding moet korrek wees.
- Moenie kougom eet nie.
- Wees eerlik en wees jouself.

[43 woorde]

7. Die gevare van dagga

- Hy/sy sal onverskillig begin optree.
- Sy/haar skoolwerk sal agteruit gaan.
- Hy/sy sal belangstelling in sport en stokperdjies verloor.
- Hy/sy sal sukkel om motor te bestuur.
- Hy/sal goed/dinge sien wat nie bestaan nie.
- Hy/sy sal misdade pleeg en nie dink dis verkeerd nie.
- Hy/sal lusteloos voorkom.

[47 woorde]

8.1 Die ontwikkeling van die pen

- Riet- en veerpenne is reg aan die begin gebruik.
- Veerpenne is deur staalpuntpenne vervang toe laasgenoemde in 1803 deur Bryan Donkin van Engeland gemaak is.
- Lewis Waterman het in 1884 die eerste vulpen met eie inkhoutjie in die pen bekendgestel.
- Die balpuntpen het in 1938 gevolg en dis deur Georg en Ladislo Biro uitgevind.
- Joekio Horie het in 1962 die veselpuntpen uitgevind.
- Jy kon met die veselpuntpen in verskillende kleure skryf.

[71 woorde]

8.2 Die moets en moenies van lyfjuwele

- Moenie lyfjuwele insit onder groepsdruk nie.
- Moenie juwele insit sonder jou ouers se toestemming nie.
- Moenie dat onbevoegde mense die juwele insit nie.
- Moenie vuil naalde gebruik nie.

[28 woorde]

9. Tradisionele Medisyne

- Sangoma is die naam vir 'n tradisionele geneser.
- Die waarde van handel in medisinale plante in KwaZulu-Natal beloop omtrent R500 miljoen en dit sluit die dienste en medisyne van sangomas in.
- Plante- en dierespesies word vir tradisionele medisyne gebruik.
- Twee derdes van die mense in KwaZulu-Natal gebruik tradisionele medisyne. [51 woorde]

10. Maniere om jou huis veilig te hou

- Bring diefwering voor jou vensters, en hekke voor jou deure aan.
- Kry 'n betroubare persoon om jou ligte aan en af te skakel.
- Vra iemand om jou tuin netjies te hou terwyl jy weg is.
- Staak aflewering en laat iemand jou pos uithaal.
- Moenie waardevolle goed naby vensters los nie.
- Opgeleide honde kan jou huis beskerm.
- Bêre sleutels en afstandbeheertoestelle op 'n veilige plek.

[64 woorde]

DIE LITERÊRE OPSTEL

Inleiding

Die *literêre opstel* is eintlik 'n ander vorm van die *verklarende opstel*. Die skrywer van die literêre opstel moet

- 'n onderwerp bespreek, 'n opinie lug of 'n kwessie argumenteer, en
- *bewyse uit die teks* ter ondersteuning van sy / haar opinie / standpunt gee.

In die literêre opstel kry die leerder 'n onderwerp of vraag oor 'n voorgeskrewe teks en sy/hy moet dit skriftelik bespreek aan die hand van spesifieke voorbeelde uit die teks om die argument te ondersteun. Die literêre opstel het gewoonlik 'n *ernstige en objektiewe* styl.

Wenke en Aanbevelings

- Die heel beste manier om jou antwoorde te staaf, is deur bewyse / aanhalings uit die teks te gebruik
- Fokus jou bespreking op 'n bepaalde aspek van die literêre werk, eerder as om alles oor die werk te wil skryf, d.w.s. moenie 'n opsomming gee tensy jy daarvoor gevra word nie
- Organiseer jou bespreking goed. Elke paragraaf / afdeling moet die hoofgedagte ondersteun. Dit moet logies saamhang met die voorafgaande en daaropvolgende afdelings / paragrawe
- Jou opstel moenie taalkundige of stylfoute bevat nie
- Gebruik die korrekte formaat vir aanhalings
- Verskaf 'n volledige bronnelys aan die einde van jou opstel (*Nie vir die eksamen nie*)
- Dit is nie belangrik hoe jy oor die roman / gedig / drama voel nie; wat belangrik is, is dat jy jou standpunte ondersteun met bewyse uit die teks self, uit biografieë van die skrywer, uit kritiese besprekings van die literêre werk, ens.
- Skryf in die teenwoordige tyd. Voorbeeld: "Barrie Hough se roman *Skilpoppe speel af* teen die agtergrond van ..."
- Hou jouself uit die ontleding, dus nié: "Ek dink die dialoog van die hoofkarakter is oortuigend, want volgens my is ..."
- Moenie die plot opsom, d.w.s. die storie oortel nie. Die literêre opstel is 'n *ontleding en verduideliking* van jou eie mening.
- Moenie bloot die mening van 'n kritikus herhaal nie. Die literêre opstel bied die kans om jou *eie* standpunt te formuleer. Sorg net dat jy dit met die nodige aanhalings uit die teks bewys.
- Moenie veralgemeen of gorrel nie. Maak duidelike stellings met die nodige bewyse uit die teks. Gebruik literêre begrippe in jou opstel, bv. *Tema, ruimte, dramatiese ironie, vertelperspektief, ens.*
- Die skrywer teenoor die verteller. Die stem in die verhaal is nie noodwendig die werklike skrywer van die verhaal nie. So, byvoorbeeld, kan die verteller 'n vrou wees, maar die verteller in die verhaal/gedig kan 'n man wees.
- Baie belangrik! Gebruik die **PIV-formule** in elke paragraaf.
 - **P** Watter **punt** maak jy?
 - **I** **Illustreer** dit m.b.v. 'n aanhaling / bewys uit die teks
 - **V** **Verduidelik** waarom jy die aanhaling gebruik het

Beplanning

Beplan behoorlik voor jy begin skryf. Die volgende raamwerk kan jou help met jou beplanning:

- **Inleiding** Paragraaf 1 Beantwoord die vrae en stel kortliks die hoofpunte wat in die opstel aangerak gaan word
- **Inhoud** Paragraaf 2 Hoofgedagte - tema of saak 1 - voorbeelde / bewyse uit die roman
- Paragraaf 3 Hoofgedagte - tema of saak 2 - voorbeelde / bewyse uit die roman
- Paragraaf 4 Hoofgedagte - tema of saak 3 - voorbeelde / bewyse uit die roman
- **Slot** Finale paragraaf Som die hoofgedagtes op en verwys na die oorspronklike vraag.

Lees die vraag behoorlik

Maak seker jy beantwoord presies dit wat deur die vraag gestel word. Instruksies / opdragte van die literêre opstel sluit dikwels die volgende in: *bespreek; evalueer; vergelyk of kontrasteer; verduidelik; dui aan hoe, ens.*

Jy word nie gevra vir 'n blote opsomming van die teks of om te beskryf wat daar in die teks gebeur nie. Jy word gevra om kommentaar te lewer op 'n bepaalde aspek in die roman / drama/ gedig. Die opdrag vereis dikwels dat jy meer as een kwessie in jou opstel moet aanspreek. *Kernwoorde in die opdrag is sleutels tot jou antwoord!*

Voorbeeld van 'n vraag

Bespreek twee of drie temas / kwessies wat behandel word in die roman wat jy bestudeer het, EN verduidelik hoe die slot van die roman jou aan een van hierdie temas herinner het.

Die vraag bestaan uit twee dele; maak seker dat jy beide dele beantwoord.

1. Eerste lees: Lees die hele vraag om 'n algehele prentjie te kry.
2. Tweede lees: Onderstreep kernwoorde en nommer die verskillende afdelings van die vraag
3. Derde lees: Verduidelik die vraag aan jousef!

Ek moet skryf oor twee of drie temas / kwessies in die roman

Ek moet verwys na spesifieke karakters, gebeure en besonderhede in die roman

Ek moet een van die temas kies

Ek moet verduidelik hoe die slot van die roman my aan een van die temas herinner.

Skryf idees neer

Verdeel die bladsy in twee. Aan die linkerkant skryf jy jou standpunte / argumente, en die bewyse vir jou argumente aan die regterkant.

Voorbeeld:

Argumente	Bewyse uit die roman
Tema 1: Dapperheid	<ul style="list-style-type: none"> • Jan gaan terug om sy hond te red • Petrus red die kind uit die vuur

Jy moet in jou opstel verwys na spesifieke detail, karakters en gebeure om te wys dat jy die roman deeglik gelees het.

Skryf die eerste weergawe / konsep

Inleiding: Jou inleidende sin moet

- sê waaroor jou opstel handel
- 'n duidelike verband met die vraag / opdrag toon
- kort en treffend wees om die leser se aandag te kry.

Liggaam: (Raadpleeg na jou beplanning en maak seker jy hou daarby)

- Elke paragraaf moet handel oor 'n hoofargument
- Verwys na spesifieke detail, karakters en gebeure in die roman
- Verbind paragrawe op so 'n manier dat idees logies ineenvloei. Doen dit deur
 - te verwys na iets in die vorige paragraaf ("*n Ander tema is ...*")
 - verbindingswoorde en frases te gebruik ("*tag, van, daarom, vervolgens, ens.*")

Slot: Jou slotparagraaf moet

- die standpunte wat jy gemaak het, saamvat en opsom
- bewys dat jy die vrae beantwoord het, bv. "*Uit die slot van die roman is dit duidelik dat ..*"

Assessering van die literêre opstel

Die volgende *Leeruitkomst*e en *Assesseringstandaarde* het betrekking:

Leeruitkoms 2 Assesseringstandaarde 2.4, 2.5, 2.6, 2.7, 2.10

3.1, 3.2,
4.2: 1 – 9

Leeruitkoms 3 Assesseringstandaarde 1.1, 2, 3, 4, 6

2.1 – 6
3.3

(Die bg. verwys na Afrikaans Eerste Addisionele Taal)

By die literêre opstel gaan dit oor *idees* en nie soseer oor *antwoorde* nie. Idees kan slegs beoordeel word op grond daarvan dat dit logies en helder OF onlogies en vaag is. Juis hierom moet assessering van die literêre opstel fokus op die vraag of die leerder sy / haar idees helder en oortuigend aangebied het. Eers nadat die onderwyser die aanbieding van die opstel beoordeel het, fokus hy / sy op spelling en grammatika.

Die evaluering van die literêre opstel

Hieronder volg 'n paar algemene beginsels wat by die literêre opstel in ag geneem moet word:

- **Tesis/hipotesis/stelling:** Die tesis-stelling is een van die belangrikste sinne in die opstel. Dit is gewoonlik die eerste sin van die literêre opstel
- **Onderwerpsinne:** Die leerder sal minstens twee, maar nie meer as drie onderwerpsinne skryf wat bewyse lewer vir die waarheid van die tesis-stelling. Hierdie sinne hoef nie uitermate lank te wees nie. *Die onderwerp moet duidelik gestel word en verband hou met die tesis.*
- **Ondersteunende sinne:** Vir elke onderwerpsin moet die leerder minstens een of twee ondersteunende sinne skryf as bewys vir sy / haar stelling. Hier word die leerder se vermoë om inligting uit die teks in sy opstel te gebruik, getoets.
- Leerders moet toegelaat word om hul notas en tekste te gebruik wanneer hulle die literêre opstel tuis of in die klas skryf. Die opstel het aanhalings en ander bewyse uit die teks nodig.

Die meeste leerders behoort A tot C-simbole te behaal. Die verskil tussen 'n "A" en 'n "C" is gewoonlik die aan(af)wesigheid van bewyse, en hoe die bewyse aan stellings gekoppel word. Die "A"-opstelle toon duidelike bewyse, terwyl die "C"-opstel dikwels vae veralgemenings gebruik om hul standpunte te staaf. "B"-opstelle is potensiële "A"-opstelle, maar die taalgebruik is afgeskeep.

Voorbeeldvrae, m.a.w. hóé vrae gestel kan word

Kringe in 'n Bos - Daleen Matthee

In 'n opstel van 200-250 woorde, beskryf die rol wat McDonald in die verhouding tussen Saul en Kate in die verhaal speel. Gebruik die volgende riglyne:

- Watter rol speel McDonald in elkeen se lewe? (Verwys na insidente om jou standpunt te ondersteun).
- Verduidelik jou begrip van hul verhouding.

Die Pro - Leon de Villiers

1. Vrees/verlies/vriendskap is 'n tema in die roman. Beskryf die rol van *ruimte* en hoe dit bydra tot die ontwikkeling van die tema.
2. Beskryf die karakter van Tiaan deur na TWEE voorvalle uit die roman te verwys.
3. Beskryf Tiaan se karakter deur te verwys na:
 - sy konflik met sy ouers
 - sy verhouding met Yvette, en
 - sy opinie oor die see.

Vervolgens gaan daar na elk van die drie genres, t.w. *Gedig*, *Roman*, en *Drama* gekyk word.

I - Gedig

'n Mens kan eers 'n opstel oor 'n gedig skryf as jy weet hoe om 'n gedig te lees.

Lees elke dag in die klas - ook in die Addisionele Taalklas - 'n gedig voor.

Laat die leerders eers die gedig hoor voor hulle dit op papier sien. Hulle moet die musiek van die gedig kan hoor. So sal hulle die inhoud as sinne hoor voor hulle dit in versreëls ingedeel sien. Hopelik sal hulle ook beseft dat 'n mens leer hoe om gedigte te lees ... deur ander gedigte te lees.

Gee vir die leerders 'n gedig wat hulle self in hul groepe moet lees. Die onderstaande stappe kan gevolg word. Moenie in die versoeking val om hulle te help nie. Sorg dat elke groep elke strofe of deel eers volkome verstaan voor hulle voortgaan. Hulle sal agterkom dis hulle wat die gedig gelees het - nie die onderwyser nie!

1. Kyk heel eerste na die titel. Waaroor dink jy gaan die gedig handel? Verskaf die titel dalk 'n leidraad? Stem jou maats saam?
2. Lees die gedig 'n hele paar keer deur. Eers saggies en dan hardop.
 - o Moenie probeer om dit nou al te "ontleed" nie; *luister* net daarna.
 - o Probeer die versreëls miskyk, en lees dit as *sinne* wat op mekaar volg, asof elke strofe 'n paragraaf is.
3. Wat is jou eerste indrukke? Waaroor gaan dit? Wat het jy in jou verbeelding gesien? Watter gevoel wek dit by jou op?
 - o Kan jy elke strofe omskryf? Dink heel eerste aan die letterlike betekenis. Moenie te gou na 'n "dieper" betekenis of simboliek soek nie. Kyk of jy die betekenis van elke sin verstaan.
 - o Verduidelik jou siening aan jou maats.
4. Sien jy enige patroon raak?
 - o Is daar woorde wat herhaal word?
 - o Merk die woorde (wat herhaal word). Soms help dit om verskillende kleure te gebruik. Kyk of daar progressie of ontwikkeling is.
 - o Slaan al die woorde wat onbekend lyk in 'n verklarende woordeboek na. Skryf al die moontlike *denotasies* in die kantlyn neer.
 - o Kyk of die woorde nie dalk dubbelsinnig is of voorbeelde is van woordspeling nie.
 - o Dink ook aan die *konnotasies* van die woorde, d.w.s. die atmosfeer of die figuurlikke betekenis wat die spreker aan die woorde heg.

In 'n goeie gedig is elke woord belangrik en moet woorde harder werk as in 'n stuk prosa. Anders gestel, die *leser* moet harder werk. Elke *leser* is soos 'n ontdekkingsreisiger, want as jy 'n goeie gedig lees, is jy self 'n herskepper daarvan.

B.A. Phythian: *Considering poetry*, p. 34

5. Wie is die spreker in die gedig?
 - Wat lei jy af van die *houding* van die spreker teenoor sy / haar onderwerp? Dit bepaal die *toon*.
6. Wat is die toon of stemming?
 - Motiveer jou antwoord. Lei jy dit af van die woorde of van die ritme?
7. Wat is die tema of kerngedagte? D.w.s., wat is die "boodskap" of "les" wat oorgedra word? Waarom het die spreker die digter die gedig geskryf? Skryf die tema in een volsin neer.
8. Kan jy al die verwysings raaksien? Is daar dalk woorde wat simbole is van 'n abstrakte begrip? (Soos N.P. van Wyk Louw se *beiteltjie* wat die simbool kan wees van die digter se talent).
9. Soek die kernmomente. Soms begin dit met 'n voegwoord, bv. "maar" of "tog". Net daarna begin gewoonlik 'n wending – soos soms in 'n Italiaanse sonnet.
10. Kyk na die vorm of bou van die gedig.
 - Waarom is dit bv. 'n *sonnet* of waarom is dit in *vrye versvorm*?
 - Dink verder aan *rym*, *ritme*, *enjambement*, *beeldspraak*
 - Stel vas wat is die funksie van *hoofletters* en *leestekens* en ook van die *tipografie*, d.w.s. hoe "lyk" die gedig op die bladsy? Is dit bv. Smal met kort reëltjies of bevat dit lang versreëls?

Onthou:

Die *inhoud* van die gedig is wat gesê word.
Die *vorm* is hoe dit gesê word.

11. Lees weer deur die gedig en kyk na die titel. Stem jy steeds saam met jou oorspronklike siening van die gedig? (*Dit is glad nie verkeerd as jy van opinie verander het nie*). Bespreek jou siening met jou groepmaats en luister na hul menings.

'n Wenk!

Die meeste goeie gedigte volg 'n patroon:

Hulle bestaan gewoonlik uit twee (of drie) "dele":

- Probleem – gevolg deur oplossing
- Voorbeelde – gevolg deur opsomming
- Spesifieke siening – gevolg deur teenoorgestelde siening
- Storie – ontknoping

Barbara Hunt: "Teaching poetry to college freshmen:

A systematic approach" in *Poetry in the classroom*, p.26

In 'n neutedop:

- **Wat** sê die gedig?
- **Wie** praat en met wie?
- **Hoe** word dit gesê?

Die skryf van 'n opstel oor 'n gedig

- ✓ Die volgende onderafdelings kan as riglyne gebruik word
- ✓ Al die aspekte sal nie altyd in elke gedig bespreek word nie. Beantwoord slegs wat gevra word
- ✓ Onthou: 'n stelling of mening moet deur 'n aanhaling uit die gedig gestaaf word!

"As 'n mens 'n gedig ontleed, ontleed jy eintlik nie die gedig nie, maar die effek daarvan op jou as leser."

- Philip Hobsbaum: *Essential Criticism*, p.19

1. Die inhoud of betekenis

- I. Wat **gebeur** in die gedig? Wat is die storie, die situasie of die ervaring wat in die gedig beskryf word? Gee 'n kort parafrase / opsomming, gewoonlik strofe vir strofe.
- II. Die **tema of kerngedagte**. Waarom het die digter die gedig geskryf? Watter boodskap of les moet ons as lesers daaruit leer?
- III. Die **titel**. Verskaf dit 'n sleutel om die gedig mee oop te sluit?
- IV. Die **spreker**:
 - Wie praat in die gedig?
 - Met wie word gepraat?
 - Wat is die omstandighede / situasie?
 - Wat is die spreker se houding teenoor sy of haar onderwerp? (Is die spreker bv. spottend, bewonderend, liefdevol, krities of woedend?)
- V. **Woordkeuse**
 - Is die woordgebruik: formeel / informeel / kinderlik / vol sleng, ens.?
 - Wat is die woorde se *denotasies* en ook *konnotasies*? (Gebruik die woordeboek). Pas die woorde by die onderwerp / tema?
 - Wat is die oorheersende toon van die gedig? Die toon skep die stemming of gevoel van die gedig en sekere woorde kan help om die stemming of toon te skep.
 - Beelde: Is die gedig byvoorbeeld *simbolies*?
 - Watter stylmiddele, bv. vorms van beeldspraak, sien jy raak? Wat is die effek daarvan?
- VI. **Verwysings**: Watter verwysings is daar na, bv. die geskiedenis, mites, die Bybel, na ander gedigte? Wat is die gevolg hiervan?

2. Die vorm

- I. Hoe *lyk* die gedig op die bladsy? D.w.s. wat is die *struktuur* of *vorm* van die gedig? Het dit 'n vaste, tradisionele bou, soos 'n sonnet of is dit 'n vrye vers?
- II. Het dit strofes wat ooreenstem, bv. *kwatryne*?
- III. Enige ander interessante eienskap? Waarom het die digter hierdie spesifieke bou gekies?
- IV. Hoe is die *gedagtes* georden? Handel elke strofe bv. oor 'n afsonderlike gedagte?
- V. Is daar *progressie* wat oploop tot by die klimaks aan die einde?

3. Ander verstegniese sake

- I. *Hoe klink die gedig?* Bestudeer die klank en die ritme van die gedig. Is daar 'n vaste patroon?
- II. Is daar 'n vaste *rymskema*? Watter woorde word deur die rymklanke beklemtoon? Hoe dra die klanke by tot die betekenis van die gedig?
- III. Is daar *enjambemente*? Belangriker: Wat is die funksie daarvan? Help dit om die gedig te laat vloei of is dit eerder om die rym te verdoesel?
- IV. Is daar voorbeelde van *alliterasie* en/of *assonansie*? Wat is die effek daarvan?

4. Samehang

- I. In 'n goeie gedig moet die vorm, die styl en die inhoud 'n *eenheid* vorm. Bespreek hoe al die aspekte van die gedig by mekaar inpas - of dalk nie inpas nie.
- II. *Gee jou persoonlike slotsom* oor die gedig.

Onthou: Belangriker as om al die bg. aspekte raak te sien, is om te bespreek *waarom* dit gebruik word. Die funksie van die afsonderlike elemente is die belangrikste!

Wanneer twee gedigte met mekaar vergelyk moet word:

Bespreek bv. die titel van gedig 1 in die eerste paragraaf en vergelyk dan direk daarna die titel van gedig 2.

In die volgende paragraaf word bv. eers die spreker wat in gedig 1 optree, bespreek en daarna hoe dit ooreenstem of verskil van die spreker in gedig 2

2. Roman

'n Literêre opstel is *nie* 'n opsomming of samevatting van die storie of plot nie. Dit beteken jy moet jou insigte neerskryf, gestaaf deur aanhalings waarmee jy 'n sekere punt wil bewys.

- **Tema**
 - Wat is die tema van die werk? Op watter wyse dra die skrywer die tema oor?
 - Verduidelik bv. hoe die titel en die name van karakters of die uitsprake van die karakters verband hou met die tema.
- **Plot of Intrige**
 - Bespreek die innerlike en die uiterlike konflik / botsing in die verhaal.
 - Bespreek die ontwikkeling van die plot: die *motoriese moment*, die opbou van *spanning*, die *hoogtepunt* en die *ontknoping* of *slot*.
 - Watter verteltegnieke word gebruik om die plot te ontwikkel? Bespreek bv. *voorafskaduwing*, *terugflitse*, *ironie*, *satire*, *onderbeklemtoning*. Hoe dra hierdie tegnieke by tot die tema of die spanning?

- **Vertelperspektief**
 - Wie is die verteller? Waarom word juis hierdie soort verteller of vertelperspektief (*ek-verteller* of *derdepersoonsverteller*) gebruik?
 - Wie is die *fokalisator*, d.w.s. die persoon deur wie se oë ons as lesers kyk?

- **Agtergrond / milieu / ruimte**
 - Wat / waar is die ruimte? Beskryf die ruimte waarteen die verhaal afspeel?
 - Watter rol speel *ruimte* in die handelingsverloop?
 - Bespreek die invloed wat die ruimte op die karakter(s) het.
 - Watter verband is daar tussen die ruimte en die betekenis / intrige / tema?
 - Hoe help die ruimte om *spanning* of *toon* te skep?

- **Karakterisering of karakteruitbeelding**
 - Maak 'n lys van die vernaamste karakters met hul karaktereienskappe
 - Vergelyk of kontrasteer twee karakters met mekaar
 - Hoe help 'n karakter se dialoog en handeling om hom / haar uit te beeld?
 - Bespreek hoe gebeurtenisse lei tot 'n karakter se verandering.
 - Hoe ontwikkel die karakter(s) of word hy / sy geopenbaar soos die verhaal vorder?
 - Wie is die hoofkarakter in die verhaal?

- **Bespreek die rol van simbole in die verhaal.**

Natuurlik sal nie ál die bg. aspekte in elke roman voorkom nie. Sorg egter dat leerders al die begrippe verstaan en raaksien. Die bg. aspekte moet *binne konteks* behandel word en *nooit in isolasie* nie.

Bestudeer die toeligting by die *Asseseringstandaard* by "literêre tekste". Daar staan ook ook: " ... verduidelik die boodskappe en temas en toon die verband met geselekteerde uittreksels." Die leerders *kan* dus 'n uittreksel kry en dan moet hulle die verband of konteks aandui (d.w.s. die bekende kontekstuele vraag). So 'n "geselekteerde uittreksel" kan natuurlik ook die prikkel vir 'n langvraag wees.

3. Drama

Die ontleding van die drama is nogal uitdagend, want dit moenie gesien word as 'n teks wat bloot gelees word nie, maar asof dit opgevoer word. Skryf dus vanuit die perspektief van die gehoor wat in die teater sit en kyk en "sien" hoe die aksie voor jou ontvou. Net soos met die opstel oor die roman moet jy aanhalings gebruik om jou punt te bewys.

Die volgende vrae kan gevra word oor 'n drama. (Al die vrae is nie van toepassing op elke drama nie, maar dit behoort te help met die formulering van 'n vraag en met die raamwerk van 'n opstel).

- **Karakteruitbeelding**
 - Wie is die *protagonis* of hoofkarakter? Wat is sy / haar karaktereienskappe? Wat is sy / haar swakhede / goeie hoedanighede?
 - Wat is die funksie van die ander karakters? In hoe 'n mate help enige een om karaktereienskappe in die hoofkarakter na vore te bring / te openbaar?

- Wie is die *antagonis*? Is die persoon 'n komplekse karakter, d.w.s. 'n mengsel van goed en sleg?
 - As dit 'n *tragedie* is, is die hoofkarakter 'n voorbeeld van 'n tragiese held, met eienskappe wat tot sy / haar ondergang lei?
 - Watter tegnieke gebruik die dramaturg vir karakterisering? (Moontlikhede: karakter se handeling, dialoog, kommentaar van ander karakters, ens.)
- **Plot of Intrige**
 - Wat is die dramatiese struktuur? Hoe word die drama opgebou, bv. *eksposisie, motoriese moment, oploop van spanning, klimaks, ontknoping, slot*?
 - Wat lei tot die dramatiese konflik of botsing?
 - Is die klimaks of keerpunt onafwendbaar, en / of is die ontknoping en slot onafwendbaar?
 - Is daar voorbeelde van dramatiese ironie? Wat is die effek daarvan?
- **Ruimte**
 - Wat is die ruimte of agtergrond? Verander dit soos die drama ontwikkel?
 - Hoe dra die ruimte by tot die tema en die karakteruitbeelding?
- **Tema**
 - Wat is die tema van die drama? Hoe word dit oorgedra: deur woorde of optrede van die karakter?
 - Is dit universeel? Laat dit die gehoor nadink oor belangrike lewensprobleme?
- **Taalgebruik**
 - Is die taalgebruik natuurlik of oortuigend?
 - Is die taalgebruik funksioneel?
 - Pas die dialoog by die onderskeie karakters? Help dit met karakterisering?
 - Is die taalgebruik geforseerd?

[Baie dankie, Adinda Vermaak!]

-----0-----

A. MEESTERPORTEFEULJE

Jou portefeulje moet reflekteer alles wat jy vir jou klas(se) beplan. 'n Goedbeplande portefeulje vergemaklik jou taak oneindiglik, en as iemand onverwags by jou moet oorneem, dan weet daardie persoon onmiddellik wat jy al gedoen het en wat jy nog beplan om te doen. **Die inhoud na die inhoudsopgawe mag verskil wat volgorde betref, MAAR alle inhoud moet volgens die inhoudsopgawe gerangskik word.**

Die volgende afdelings behoort in 'n meesterportefeulje voor te kom:

1. Voorblad

- Naam van onderwyser
- Skool se naam
- Vak
- Jaar
- Graad

2. Inhoudsopgawe

- Beleidsdokumente (NKV-Vakverklaring; Protokol; Assesseringsriglyne; "LPGs"; Modereringsinstrument (*Moderation Tool*))
- Puntelyste (*Punte van formeel-geassesseerde take apart van informele assesseringsake aangedui*)
- Beplanning (per kwartaal)
 - Werkskedule
 - Lesplanne
 - Assesseringsprogram vir die jaar
- Assesseringsake beplan vir kwartaal (*Formele take geskei van informele take*)
 - Leeruitkomste en Assesseringsstandaarde per taak aangedui
 - Rubrieke / Memorandums / Nasientabelle / Skale, ens.

NB: Al die onderwyser se take moet ooreenstem met dié in die leerder se portefeulje, bv. datums, nommers, opskrifte, ens.

Baie belangrik:

- Elke onderwyser wat dieselfde vak in dieselfde graad onderrig, moet sy / haar eie meesterportefeulje hê. *D.w.s. daar kan nie slegs een portefeulje wees vir twee of meer onderwysers wat Afrikaans Huistaal in graad 11 onderrig nie.*
- Elke individuele onderwyser moet met sy / haar eie portefeulje na CASS-moderering toe kom. *D.w.s. al die onderwysers wat dieselfde vak in dieselfde graad onderrig, moet by moderering teenwoordig wees!*

0000000 – 0000000